Moedergemeente Stellenbosch
Wyksbyeenkomste
April 2009

Waar trek ‘n Christen die kruisie?

1. Hoe voel jy oor 22 April?
   a. “Wat gebeur op 22 April?”
   b. “Ek is net só dankbaar daar is nog ‘n vakansiedag!”
   c. “Ek voel vere daarvoor – hierdie land is in elk geval op ‘n afdraande pad.”
   d. “Ek kan nie wag nie – ek mag stem!”
   e. “Wat op aarde soek die verkiesing in ‘n wyksbyeenkoms-stuk van die kerk? Dis nie waarvoor ek gekom het nie.”
   f. “...” [vul jou ander reaksie hier in]

2. Raak vir ‘n paar oomblikke stil. Dink aan die dag en raak bewus daarvan dat God in jou dag was en steeds is. Elkeen bid in stilte vir die res van hierdie byeenkoms. Die voorganger sê “amen”.

3. Laat een persoon Rom 13 voorlees. Probeer net oplet na waar jou gedagtes vashaak. Wat tref jou in die gedeelte? Waaroor wonder jy? Waar sal jy ‘n vraagteken of ‘n uitroepteken wou neersit? Deel dit met mekaar. [As die groep meer as 6 is, deel in groepies van ongeveer 3 vir hierdie terugvoer. Groepies kan dan ook terugvoer in die grootgroep gee.]

Romeine 13

Verpligtinge teenoor die owerhede
Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God. [2]Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry. [3]’n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys, [4]want die owerheid is ’n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees, want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf. [5]Daarom moet jy jou onderwerp, nie net omdat jy vir straf bang is nie, maar ook omdat dit ’n gewetensaak is.
[6]Dit is ook waarom julle belasting betaal, want die owerhede is dienaars van God en hulle is besig om hulle opdrag uit te voer. [7]Gee dus aan almal wat hulle toekom: belasting as dit belasting is, aksyns as dit aksyns is, ontsag as dit ontsag is, eer as dit eer is.

Liefde is die volle uitvoering van die wet
[8]Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit. [9]Al die gebooie: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,” of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” [10]Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet.
[11]En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het. [12]Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. [13]Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. [14]Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.

4. Die afgelope weke het interessanthede opgelewer. Past Ray Macaulay het vir mnr Zuma laat praat en vir hom gebid in ‘n kerkdiens, mnr Holomisa dring daarop aan om ook genooi te word. Mnr Zuma sê die ANC sal regeer tot Jesus kom en God is aan die ANC se kant, maar vra verskoning by ‘n vergadering met Afrikanerleiers as hy aanstoot gegee het. Politieke partye hang rond by geestelikes (Me Zille brekfis saam

met Angus Buchan en loof hom vir sy diep spiritualiteit) en dominees is leiersfigure in partye, bv Biskop Dandala en dr Boesak by Cope. Die NG Kerk is deel van die Afrikanerleiergroepe wat mnr Zuma ontmoet en gooi wal wanneer die kritiek kom dat mnr Zuma die kerk en Afrikanerleiergroepe om sy pinkie gedraai het. Boonop het 9 partye wat by die OVK geregistreer is "Christen" of "God" in hulle naam. Dr Corne Mulder van die VF+ spog dat net twee partye (syne en die ACDP) aan die Drie-enige God in hulle grondwet erkenning gee. Jean Oosthuizen herinner ons in 5 April se Rapport dat in die ou apartheidsbedeling daar na die NG kerk verwys is as die Nasionale Party in gebed. Hy meen "hoe meer dinge op die oog af verander, hoe meer bly dit dieselfde." **So wat sê jy – is kerk en politiek maats?**

5. Die Algemene Sinode se dagbestuur het riglyne vir lidmate se deelname aan die verkiesing uitgereik. Laat iemand dit vir die groep voorlees en bespreek dit dan:
   a. Wat in die riglyne help jou?
   b. Wat maak jou kriewelrig?

Riglyne vir Verkiesing aan Lidmate

Dit sou bepaalde risiko's kon inhou vir 'n kerk om sy lidmate te probeer beïnvloed ten opsigte van hulle ondersteuning van (en stem ten gunste van) 'n bepaalde politieke party. Tog kan daar tye aanbreek waarin dit beskou sou kon word as die dringende roeping van die kerk om aan lidmate perspektief te gee oor die politieke rigting van die land. Dit is waarskynlik veral belangrik wanneer dit blyk dat die rigting waarin die politieke sisteme neig, sou kon uitloop op

- die bedreiging (selfs die duidelik aantasting) van die menswaardigheid van mense (simptomaties in die hoë voorkoms van armoede – veral die diskrepansie tussen ryk en arm, geweld, misdaad, korrupsie, ens),
- die bedreiging (en selfs die afbreek) van gesonde morele waardes van die gemeenskappe waarin ons lidmate leef.
- die misbruik van mag om eie groepsbelange (etniese, kulturele, of godsdienstige belange) te beskerm en te bevorder
- die aantasting van die beginsel van geregtigheid aan alle inwoners van die land.

Daarom sou dit in 'n bepaalde tydstip van die geskiedenis (soos voor 'n algemene verkiesing) van die kerk verwag kan word om sy lidmate aan te moedig om hulle politieke keuses te maak in terme van bepaalde waardes soos:

- politieke leierskap wat met integriteit uitgeoefen word
- morele stand van rolmodelle in politiek
- ekonomiese visie in terme van armoedevraagstuk
- die honorering van die waardes van die grondwet en die verbintenis tot die beskerming van die konstitusionele prosesse in die land.
- die wyse waarop oor mag gepraat word, mag gebruik en uitgeoefen word.

Onlangse ongelukkige gebeure in Zimbabwe het ons geleer dat 'n mens nie té laat moet probeer om 'n situasie (konstitusioneel) te red nie. Die Grondwet is juis veronderstel om ons teen so 'n situasie te beskerm. Daarom moet ons vroegtydig die gevaartekens raaksien wanneer dit sou blyk dat die integriteit van die Grondwet (en sy waardes) onder druk kom en het ons die verantwoordelikheid om daaroor leiding te gee aan ons lidmate. Natuurlik is die Grondwet en sy waardes nie onaantasbaar nie. Vir ons as kerk bly die waardes van die Evangelie van Jesus Christus, soos ons dit in die Bybel verstaan, ons hoogste prioriteit en lojaliteit. Maar so lank as wat die Grondwet hierdie oortuiging van ons nie bedreig nie, moet ons dit as staatkundige instrument tot vreedsame naasbestaan in hierdie land respekteer en verdedig.

6. Sluit af deur almal saam die Ons Vader gebed hardop te bid:

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.